NET VIR OUERS

Stel as salm-mens ‘n voorbeeld deur figuurlik gesproke, vir jou kinders ‘n altaar te bou, ‘n tent op te slaan en ‘n put te grawe.

NOTAS

Waarom praat ons van salm-mense? Salms begin hul lewe in die koue varswaterriviere van die noordelike halfrond. Kort nadat hulle uitgebroei het, begin hulle met hul lang reis na die see. Daar bring hulle die grootste gedeelte van hul volwasse lewe deur. Dan gebeur daar iets vreemds. Selfs wetenskaplikes kan dit nie lekker uitpluis nie, maar op 'n punt in hul lewe begin hulle terugswem huis toe. Maak nie saak hoe ver dit is nie, hulle swem terug na die oorspronklike rivier waar hulle uitgebroei het. Dis raar maar waar – hulle swem stroomop! Jy het miskien al op televisie gesien, hoe hulle verskeie hindernisse soos watervalle wat in hul pad is, oorkom. Hulle moet selfs vyande soos bere en mense probeer vermy.

Die ongelooflike ding is dat alhoewel hulle jare lank weg was, hulle terugkeer na presies dieselfde plek waar hulle die eerste keer die lewe ervaar het. Hulle byt vas totdat hulle weer tuisgekom het. Wanneer jy dus weer salm eet (dis heerlik!), onthou dan jy eet moed, volharding, getrouheid en betroubaarheid! Dis 'n mondvol en net wat 'n mens in hierdie uitdagende tye nodig het om te oorleef! Mense wat hierdie eienskappe uitleef, is ware salm-mense.

Viktor Frankl, die bekende psigiater, was 'n inwoner van 'n Joodse konsentrasiekamp. Hy en 'n groepie ander manne het betekenis aan hul sinlose bestaan probeer gee deur ander in die kamp te troos en hul laaste stukkie brood uit te deel. Hy sê daar was nie baie van hulle nie, maar hierdie tipe mens is 'n onteenseglike bewys dat jy alles van 'n mens kan wegneem behalwe sy houding teenoor sy omstandighede. Op grond daarvan het Frankl gesê: "Wie 'n waarom besit waarvoor hy kan lewe, kan byna elke hoe verwerk." Dit klink nes ons salm-mense!

Winston Churchill, beroemde eerste minister van Engeland, het op 'n keer die leerders by Harrow School, waar hy ook voorheen 'n leerling was, toegespreek en dié bekende woorde was deel van sy toespraak: "Moet nooit opgee nie. Moet nooit opgee nie. Moet nooit nooit nooit nooit, wat niks betref, nie klein of groot … opgee nie." Dít is hoe salm-mense dink.

Salm-mense gee nooit op nie, daarom is salm-mense 'n sinoniem vir gelowiges. As ons in Jesus glo, het ons geen rede om op te gee nie!

DOEN SAAM :

Iemand het op 'n keer vir Paul Harvey, 'n bekende joernalis en radioman, gevra om sy suksesresep met die wêreld te deel. Sy wyse antwoord was, "Wanneer ek struikel, staan ek weer op." Maak 'n plakkaat met hierdie stelling as tema, versier dit met prente van salms en plak dit iewers op waar julle dit gereeld kan sien.

Skryf ook die Bybelvers Hebreërs 12:3 op die plakaat en volg die vers se raad. Onderstreep gerus ook hierdie vers in jul Bybel.

GEBED:

Here, as ek na u natuur kyk, dan leer ek baie van geloof. Die salm leer ons om ons doel voor oë te hou en nooit op te gee nie. O, Gees van God help my om hierdie lesse in my lewe toe te pas, veral as probleme soos 'n Goliat voor my kom staan. Amen.

LEEF JOU GELOOF

Maak op een of ander manier kontak met oud-onderwysers wat 'n verskil in jou en jou kinders se lewens gemaak het, om net dankie te sê.